

DIE REGSTELSEL IN DIE REPUBLIEK NATALIA, 1838-1845

A.C. Swanepoel
Durbanse Onderwyskollege

The legal system in the Republic of Natalia, 1838-1845

According to Professor D. Pont law is as old as mankind itself. As soon as people are united, no matter how small the community might be, certain regulations are laid down which order people's behaviour towards one another. This statement applies to a certain extent to the Voortrekkers who left the Cape Colony and eventually settled in Natal.

When the Potgieter trek and Maritz trek united at Thaba Nchu in December 1836, one of the first things they did was not only to elect a government, but also to make provision for a legal system. This was further extended in April 1837 when the Retief trek arrived at Thaba Nchu. In doing so, they relied on the legal systems which were known to them since the days of the Dutch East India Company (1652-1795), of the Batavian Republic period (1803-1806) and the British legal systems of 1827 and 1834.

When the Trekkers arrived in Natal, in spite of hardships brought about by the massacre of Retief and his men on 6 February 1838 at Mgungundlovo and the great massacre during the night of 16-17 February 1838 at the Blaauwkrantz and Boesmans rivers, the Voortrekkers continued not only to improve their government, but also their legal system.

After victory was assured over Dingane and the Voortrekkers had settled in Natal, the legal system was improved further in spite of the fact that the Republic of Natalia existed only for a few years. Besides the Volksraad, which was not only a legislative body but also the supreme court of appeal, the legal system included the College of Landdrost and Heemraden as courts of justice, and a jury. Provision was also made for the institution of messengers of the court, an interpreter, a translator, clerks, fieldcornets, wardens, police, and jailers.

Prof. D. Pont beweer dat die reg so oud soos die mensheid self is. Sodra 'n samelewing tot stand kom, ongeag die omvang daarvan en hoe primitief dit ook al mag wees, ontstaan daar sekere voorskrifte wat mense se gedrag teenoor mekaar bepaal. Hierdie bewering is tot 'n sekere mate ook van toepassing op die Voortrekkers wat om verskeie redes die Kaapkolonie verlaat en hulle in Natal gevestig het.

Nadat die Potgieter- en Maritztrek in Desember 1838 te Thaba Nchu verenig het, was een van hul eerste prioriteite die skepping van 'n eie regering- en regstelsel. Beide hierdie stelsels is in April 1837 met die aankoms van die Retief trek verder uitgebrei. Die regstelsel wat toe aanvaar is, het elemente van die regstelsels van die V.O.C. (1652-1795), die Bataafse tydperk (1803-1806) en die Britse regstesels van 1827 en 1834 bevat.

Na hulle aankoms in Natal en, ten spyte van teenspoede soos die moord op Piet Retief en sy volgelinge op 6 Februarie 1838 en die Groot Moord in die nag van 16-17 Februarie 1838, het die Voortrekkers voortgegaan om hul regerings- en regstelsel uit te bou en te verbeter.

Na die oorwinning oor Dingane en sy Zoloe-impi, het die Voortrekkers hulle oor groot dele van Natal gevestig. Ten spyte van die feit dat die Republiek Natalia net enkele jare bestaan het, is die regstelsel nog verder verbeter. Benewens die Volksraad, wat 'n wetgewende en uitvoerende liggaam was en ook as appèlhof gedien het, is die regstelsel aansienlik uitgebrei. Deur die skepping van addisionele landdrostdistrikte is die magte van die ondergeskikte regsliggeme uitgebrei. Voorts is daar ook voorsiening gemaak vir die instelling van die juriestelsel en die skepping van verskeie nuwe ampte, soos dié van die geregsbode, tolke, vertalers, klerke, wyksmeesters, polisie, tronkbewaarders, ens. wat hulp moes verleen in die toepassing van landswette.

Historiese Agtergrond

Prof. D. Pont skryf in sy werk *Die Regstelsel van die Afrikaner* die volgende: "Reg is so oud soos

die mensheid self. Sodra daar mense in 'n samelewing verenig word, hoe klein in omvang die samelewing, hoe primitief die trap van ontwikkeling ook mag wees, vind ons voorskrifte wat dien om die mense se gedrag teenoor mekaar te reël: *Ubi societas ibi jus.*¹

Dieselfde tendens word ook by die Voortrekkers aangetref. Die oorsprong van die regstelsel van die Republiek Natalia kan teruggevoer word na die tydperk toe die Kaap onder die bestuur van die V.O.C. (1652–1795) gestaan het. Die vernaamste staatsinstellings was dan ook op die Nederlandse lees geskoei, met Nederlandse benamings.

Gedurende die bewind van die V.O.C. is die Politieke Raad, wat oor wetgewende, uitvoerende en regterlike funksies beskik het, onder voorsitterskap van die kommandeur (later goewerneur) geskep. Met die instelling van vryburgers in 1657 het die gewone burgery by die verhoor van medeburgers, sitting in die Politieke Raad gehad.

Na die stigting van Stellenbosch het goewerneur Simon van der Stel in 1682 vier vryburgers aangestel om as heemrade op te tree en kleinere geskille onder die inwoners van die dorp te besleg. In 1685 is 'n landdros op die dorp aangestel om as voorsitter in die Hof van Landdros en Heemrade te dien en terselfdertyd op te tree as skakel tussen die regering en die dorpsbestuur. Hierdie stelsel van Landdros en Heemrade is mettertyd uitgebrei na nuwe distrikte soos Swellendam (1745) en Graaff-Reinet (1785).

In 1685 is ook 'n Raad van Justisie geskep om regsspraak in die Kaap te behartig. Dit het bestaan uit nege amptenare en drie burgers. In 1786 is die samestelling verander. Dié liggaam het toe bestaan uit ses amptenare en ses burgers en 'n sekunde, wat as voorsitter opgetree het. Dit was ook gedurende hierdie tyd dat die amp van fiskaal ontstaan het. Die fiskaal moes oortreders arresteer, hulle voor die hof daag en by skuldigbevinding kon hy op 'n deel van die boetes aanspraak maak.²

Gedurende die Eerste Britse Besetting (1795–1803) is die stelsel van Landdros en Heemrade feitlik onveranderd gelaat. Aan die Raad van Justisie is egter verbeteringe aangebring. Soos tevore is die regsspleging deur amateurregters en amptenare behartig. Hulle getalle is egter verminder tot 'n president en sewe lede, wat vasgestelde salarisse ontvang het. Die goewerneur en sy adjunk het as appèlhof gedien en in sekere gevalle kon daar na die Geheime Raad in Londen appèl aangeteken word. Die amp van fiskaal is behou en hy was nog steeds geregtig op 'n deel van die boetes. Die regsspraak het ook soos tevore nie los van die gesag van die sentrale regering gestaan nie.³

Dit was eers gedurende die Bataafse Bewind (1803–1806) dat die regsspleging werklik losgemaak is van die gesag van die sentrale regering. Kommissaris J.A. de Mist en goewerneur J.W. Janssens het noukeurige instruksies insake regsspleging opgestel wat die regsspraak werklik onafhanklik van die gesag van die regering gemaak het. Die regsspleging was nog steeds in die hande van die Raad van Justisie, maar hierdie liggaam sou voortaan uit 'n president en ses lede (wat almal oor regskwalifikasies moes beskik het), 'n sekretaris en 'n prokureur-generaal bestaan. Laasgenoemde het die fiskaal vervang. Geen regeringsamptenaar sou in hierdie Raad sitting hê nie en daar kon regstreeks by die Hooggereghof in Den Haag appèl aangeteken word.⁴

-
1. D. Pont, "Die regstelsel van die Afrikaner", in C.M. van den Heever en P. de V. Pienaar (reds.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, 11 (Kaapstad, 1947), pp. 388–389.
 2. J.W. Wessels, *History of the Roman Dutch Law* (Grahamstown, 1908), pp. 355–356; J.J.N. Cloete, *Senatra, provinsiale en munisipale Instellings in Suid-Afrika* (Pretoria, 1971), pp. 3–4.
 3. J.W. Wessels, pp. 355–356; A. du Plessis, "Die Britse Tydperk (1795–1803; 1806–1910)", in C.F. Niewoudt, G.C. Olivier en M. Hough (eds.), *Die politieke Stelsel van Suid-Afrika* (Pretoria, 1981), p. 61; M.C. van Zyl, "Oorgang, 1795–1806" in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria, 1968), p. 93.
 4. G.C. Olivier, "Die Nederlandse Tydperk", in C.F. Niewoudt, G.C. Olivier en M. Hough (eds.), pp. 21–22.

Regspleging op plaaslike vlak was nog steeds in die hande van die kollege van Landdros en ses Heemrade. Daar is ook vir hulle volledige instruksies opgestel. Die belangrikste hiervan was die "Instructie voor de Collegien van Landdrost en Heemraden in de respective Buiten Districten". Hiervolgens kon die Hof van Landdros en Heemrade oor kleinere siviele sake, waar die bedrag nie Rds. 300 oorskry het nie, regsspraak uitoefen. Geringe regterlike bevoegdhede is ook aan veldkornette in die verskillende wyke toegeken.⁵

Met die aanvang van die Tweede Britse Besetting (1806) het daar aanvanklik 'n insinking in die regsgestalte plaasgevind. Die goewerneur is in 'n outokratiese gesagsposisie geplaas, aangesien hy oor die uitvoerende, wetgewende en regterlike gesag beskik het en die regbank as sodanig deur hom beïnvloed kon word. Na ontvangs van klages deur die burgery en 'n ondersoek deur kommissaris W. Colebrooke en J.T. Bigge, is daar mettertyd veranderinge in die regstelsel aangebring. In 1811 is rondgaande howe ingestel. In 1827 en in 1834 is regsktrooie uitgevaardig wat 'n onafhanklike regstelsel in die Kaapkolonie verseker het. 'n Hoofregter en drie regters het die hoogregshof gevorm. Siviele sake is deur twee regters verhoor terwyl kriminele sake deur 'n regter en nege jurielede beslis is. In sommige gevalle kon na die Geheime Raad in Londen geappelleer word. Die regspredure, voertaal en personeel was op Britse lees geskoei, maar die Romeins-Hollandse Reg is as basis vir die regspleging behou.⁶

Die skepping van 'n onafhanklike regbank en rondgaande howe was 'n voorwaartse stap en die juriestelsel het die Hollandssprekende Afrikaners so beïndruk dat dit later in die republiekse regspleging opgeneem is.⁷

Op plaaslike bestuursvlak was dit egter 'n perd van 'n ander kleur. Die kolleges van Landdroste en Heemrade waaraan die Hollandssprekende Afrikanerburgery so gewoond geraak het, is afgeskaf. Resident-magistrate en siviele kommissaris het onderskeidelik die regterlike en administratiewe pligte van die kolleges oorgeneem. Die afskaffing van die kolleges van Landdroste en Heemrade het onder sommige koloniste protes en verontwaardiging uitgelok en dit het volgens C.F.J. Muller ook deels aanleiding gegee tot die Groot Trek.⁸

Regspleging tydens die Groot Trek

Hoewel die afskaffing van die kolleges van Landdroste en Heemrade nie as die enigste rede vir die Groot Trek beskou kan word nie,⁹ is dit tog insiggewend dat die ou kollege van Landdros en Heemrade tydens die verkiesing van die eerste Voortrekkerbestuur op 2 Desember 1836 te Thaba Nchu in ere herstel is.

By hierdie geleentheid is 'n bestuur verkies wat uit sewe lede bestaan het. Die hoogste ampte, nl. dié van "President" het op Gert Maritz en dié van "Leger kommandant" op Andries H. Potgieter gevallen. Na die lede van hierdie bestuur is verwys as "Rechters", wat met 'n eed

5. Hierdie dokumente verskyn o.m. in die stukke van die Landdros van Pietermaritzburg LP22: Publikasiën van genl. J.W. Janssens; Kerkorde van De Mist; Provisionele Instructie van die Raad van Justisie en Weeskamer, Art. 18 van Ordonnansie 93 van 1832, 1805-1832.
6. C.R. Kotzé, "n Nuwe Bewind, 1806-1834" in C.F.J. Muller (red.), *Vyf honderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 99-104; J.J.N. Cloete, pp. 6-8.
7. J.W. Wessels, p. 368; G.D. Scholtz, *Die Ontwikkeling van die politieke Denke van die Afrikaner*, 11 (Johannesburg, 1970), pp. 159-160.
8. C.F.J. Muller, *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (Pretoria, 1969), pp. 84-85.
9. Vergelyk die verskillende redes vir die Groot Trek in o.m. J.H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad, 1838-1845* (Kaapstad, 1958), pp. 390-395; J. Bird (ed.), *The Annals of Natal, 1495-1845, Part 1*, pp. 394-395, 505-513; G.D.J. Duvenage, *Van die Tarka na die Transgariep* (Pretoria, 1981), *passim*; C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Kaapstad, 1974), pp. 1-170; C.F.J. Muller, *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*, *passim*.

moes belowe "... naar hunne beste vermagens en onpartijdiglik niet dan de zuiverste rechtvaardigheid te plegen en te doen gedijen, zoo in Civil als Criminele zaken, ..." Maritz is ook aangestel as die voorsitter van die "Rechters" en as sodanig was hierdie liggaam niks anders nie as 'n kollege van Landdros en Heemrade op reis. Daar was ook 'n verskil in die status van hierdie hof. Waar die kollege van Landdros en Heemrade in die Kaapkolonie 'n ondergeskikte liggaam was, was hierdie hof die hoogste regsprekende liggaam. Die enigste liggaam, as dit een genoem kan word, wat die besluite kon verander, was die volksvergadering, want dié sou die hoogste gesag wees.¹⁰

Hoewel geeneen van hierdie "Rechters" opgeleide juriste was nie, is dit bekend dat Maritz oor 'n boekery beskik het wat hy handig kon aanwend en sekerlik geraadpleeg het in die uitoefening van sy pligte en uitsprake. Werke soos dié van J. van der Linden, Arent Lybrechts, Gerard van Wassenaar, 'n vertaling van B. Carpzovius en 'n werk van Hugo de Groot – feitlik almal bekende Nederlandse juriste – het in Maritz se boekery voorgekom.¹¹

Na die aankoms van die Retief trek te Thaba Nchu is daar weer eens op 17 April 1837 'n volksvergadering gehou om 'n nuwe bestuur te kies. Piet Retief is tot goewerneur en hoofkommandant verkies en hy was dus die hoogste uitvoerende amptenaar van die Trekkers. Maritz is tot magistraat en "President Rechter van de Raad van Politie" verkies. Hy het dus die amp van landdros behou en hy was ook die voorsitter van die Politieke Raad. In laasgenoemde raad het sowel Retief as Maritz sitting gehad. Die ander lede wat by dié geleenthed verkies is, was J.G.S. Bronkhorst, E. Potgieter, C. Liebenberg, M. Oosthuizen, P. Greyling en S. Janse van Vuuren. Van elke ampsdraer is ook verwag om 'n eed af te lê. Dit het tydens 'n byeenkoms, gehou op 6 Junie 1837, te De Houtplaas, geleë ongeveer ses kilometer van Winburg af, geskied. Bestudeer 'n mens egter die gebeure by die eedaflegging van 6 Junie, is daar nog 'n amp bygevoeg wat op die Trekkers se regspiegeling betrekking het. Dit is nl. die byvoeging van die ampte van vrederegters. Van hulle is verwag om kleiner geskille tussen die Trekkers uit die weg te ruim.¹²

Van die werksaamhede van Maritz en sy "Rechters" bestaan min notules of verslae. Sake wat wel tydens die Trek verhoor is, was o.m. dié waarin ene Van Rensburg met £10 beboet is weens die ernstige mishandeling van 'n Hottentot en 'n Zoeloe wat ter dood veroordeel is weens die moord op twee Voortrekker vroue en twee kinders. Edward Lootz is ook beboet omdat hy sonder toestemming 'n perd van 'n bediende gebruik het. Voorts is 'n aantal Zoeloespione doodgeskiet toe hulle na 'n verhoor, waartydens gepoog is om uit te vind waar Dingane se impi's hulle skuilhou, gepoog het om te ontvlug.³¹

Hoewel die Voortrekkerleiers gereeld haaks was, kan die Trekkers oor die algemeen beskou word as godsdiestige, ordeliewende en wetsgehoorsame mense. Dit is verder bevorder deur die feit dat die Trekkers soms in kleiner groepe getrek het en mekaar beslis nodig gehad het in tye van oorlog soos teen die Matebeles en Zoeloes. Volgens J.N. Boshof, wat die Voortrekkers in 1838 besoek het, was hulle "vredelievend ... en goed en ordelik van gedrag". Bernard Rudolph het ook beweer "Justice is administered in a most regular and satisfactory manner."¹⁴

10. H.S. Pretorius, D.W. Kruger, C. Beyers (eds.), *Voortrekkerargiefstukke, 1829–1849* (Pretoria, 1937), pp. 13–14; E. Smit, Dagboek, 2.12.1836 in G.S. Preller (red.), *Voortrekkermense*, 11 (Pretoria, 1929), p. 67; H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz* (Kaapstad, 1965), pp. 105–112.
11. H.B. Thom, pp. 117–120.
12. H.S. Pretorius, D.W. Kruger, C. Beyers (eds.), pp. 14–16. Die benaminge van die ampte is deur Erasmus Smit gegee. Vgl E. Smit, 17.4.1837, 23.4.1837, 6.6.1837, pp. 93–94, 101–102; P.S. de Jongh, *Die Lewe van Erasmus Smit* (Kaapstad/Pretoria), 1977, pp. 134–136.
13. E. Smit, 15–16.8.1838, pp. 227–228; 31.8.1838, pp. 234–237; H.B. Thom, pp. 159–160; P.S. de Jongh, pp. 158–159.
14. Aangehaal deur H.B. Thom, pp. 159–160.

Dit is onnoddig om die lotgevalle van die Voortrekkers vir die doel van hierdie studie in detail te beskryf. Dit is egter so dat na die moord op Piet Retief op 6 Februarie 1838, die sogenaamde Groot Moorde van 16 tot 17 Februarie en die mislukte Slag van Italeni op 11 April 1838, die Voortrekkers nie geskroom het om in hierdie donker tye na die verbetering van hul bestuur en regspleging om te sien nie. Tydens die besoek van veldkornet Gideon Joubert, J.N. Boshof, J.C. (Stoffel) Boshoff en ander van 22 Mei tot 12 Junie aan die verskillende laers in Natal,¹⁵ is die geleentheid benut om 'n komitee te kies en instruksies vir die Volksraad, wat in die loop van 17 Februarie tot 28 Maart 1838 tot stand gekom het, op te stel, asook vir die regspleging in die toekomstige republiek.¹⁶

Aan die werkzaamhede van hierdie komitee het J.N. Boshof en moontlik ook sy broer, J.C. (Stoffel) Boshoff, 'n leue aandeel gehad.¹⁷ Benewens die "Regulantien en Instructien" vir die Volksraad is daar volledige instruksies opgestel vir die regspleging, t.w. die "Regulantien en Instructien voor den Regter of Magistraat, en de maniere van regtspleging voor het gemeenbest aan Port Natal en dies omstreke", wat op 'n volksvergadering, gehou tussen 11 en 12 Junie 1838, goedgekeur is.¹⁸

Na die afsterwe van G. Maritz op 15 September 1838 het die Voortrekkers nie regeringloos gebly nie. Onder leiding van hoofkommandant Karel Landman is Port Natal en die omliggende gebied by wyse van 'n proklamasie in besit geneem en Alexander Biggar en William Cowie onderskeidelik as landdros en veldkornet te Port Natal aangestel.¹⁹

Na die aankoms van Andries Pretorius in Natal en die oorwinning oor Dingane by die roemryke Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838, kon die Voortrekkers na Stinkhoutboomrand of Boesmansrand, soos Pietermaritzburg eers genoem is, vertrek.

Sedert Januarie 1839 is 'n begin gemaak met die uitlê van die hoofstad van die Republiek Natalia. Pietermaritzburg was aanvanklik nie veel meer as 'n omheinde laer nie en die lewe van die inwoners is versuur deur loslopende vee, goggas, rotte en die onophoudelike geblaf van honde. Nadat die mag van Dingane finaal by die Slag van die Maqonqokoppe op 30 Januarie 1840 gebreek is, het die Voortrekkers nie net oor groot dele van Natal versprei nie, maar kon hulle ook voortgaan met die behoorlike organisasie van hul staat.²⁰

Die regsprekende liggeme en amptenare

Die Volksraad

Die Volksraad, wat waarskynlik eers érens in die paallaer en later in die huis van ene Mijer sitting gehou het,²¹ se magte, pligte en bevoegdhede op regsgebied is vervat in die "Regulantien en Instructien, voor den Raad van Representanten van Het Volk", die "Regulantien en Instructien voor den Regter of Magistraat" en Boshof se latere "Regulantien en Instructien

15. J.N. Boshof en J.C. Boshoff was broers, maar het hul vanne verskillend gespel. Vgl. A. Smit, "Die lewe van J.N. Boshof" (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1970), pp. 4-5, voetnoot 7; 17-18; A.C. Swanepoel, "Die rol van Johan Christoffel Boshoff in die Geskiedenis van Natal" (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1985), pp. 1, 24-292.
16. H.J. van Aswegen, "Die Nataliese Volksraad, 1838-1845" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, US, 1963), pp. 17-20.
17. A.C. Swanepoel, p. 26.
18. J.H. Breytenbach, Bylae 13, 1838, pp. 285-286; Bylae 14, 1838, pp. 287-288.
19. A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838" in A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer (eds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Tweede uitgawe, vierde druk (Kaapstad, 1974), p. 215; C.F.J. Muller, "Die Groot Trek-tydperk, 1838-1854" in C.F.J. Muller (red.), *Vyf honderdjaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 165.
20. B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal* (Pretoria/Kaapstad, 1977), pp. 51-52; 81-86.
21. J.H. Breytenbach, 3.6.1840, art. 12, p. 27.

voor Landdrost en Heemraden".²²

Volgens hierdie stukke is die Volksraad die hoogste appèlhof in die Republiek. Appelle tegen die uitsprake van die landdroste is gewoonlik per memorie (petisie) of persoonlik deur die appellant voor die Volksraad gebring, waarna die liggaam dan uitspraak gelewer het. Die Volksraad het oor die reg beskik om in kriminele en siviele sake vonnisse deur die landdroste gevel, te verander en selfs kwytskelding te verleen. Wat die doodvonnis betref, word uitdruklik verklaar dat: "Geen Doodvonissen zullen kunnen word(en) geveld tenzy de gevangene mede door twa(alf) gequalificeerde gesworenen zal zyn sch(ul)dig verklaard, en zodanige vonnissen z(u)l(en) niet mogen worden geexecuseerd da(n) na bekomen Fait van den Volksraad".²³

Die Volksraad stel die landdroste aan en op laasgenoemde se aanbeveling ook die ondergeskikte amptenare soos die heemrade, geregdebode en publieke aanklaer. Hierdie liggaam bepaal ook die grense waarbinne die jurisdiksie van die landdroste geld. Die Volksraad het ook beheer gehad oor die getal sittings wat die Hof van Landdros en Heemrade moes hou. Op voorstel van landdros T.F. Roos is dit vasgestel op twee keer per maand.²⁴

Die Volksraad het op aanbeveling van die landdroste die tariewe vasgestel vir die regsonkoste wat die betrokke partye moes betaal en²⁵ het ook die salarisso van die landdroste en al die ondergeskikte amptenare van die landdroshewe vasgestel. Die Volksraad was ook verantwoordelik vir die oprigting van tronke.²⁶

Ten slotte het die Volksraad ook getrag om misdaad te bekamp. So het die Raad byvoorbeeld besluit dat enigiemand wat hom skuldig gemaak het aan "groote misdaden" soos diefstal of gepoog het om te ontvlug na die pleging van 'n misdaad, nie op die besit van vaste eiendom geregtig was nie. Voorts sou 'n persoon wat alreeds in besit van vaste eiendom was en daarna 'n ernstige misdaad begaan het, die eiendom kon verbeur. Sodanige eiendom kon, selfs in 'n proses van verkoping, aan "de kooper kunnen worden gegeven of toegekend".²⁷

Die Hof van Landdros en Heemrade

Die landdroste was die belangrikste regspreekende amptenare in die Republiek. Die magte, pligte en bevoegdhede van die landdros word ook duidelik omskryf in die "Regulantien en Instructien voor den Regter of Magistraat" en die hersiene "Regulantien en Instructien voor den Landdrost en Heemraden".²⁸

Soos vroeër vermeld, word die landdroste deur die Volksraad aangestel en die grense van hul jurisdiksie afgebaken. Die landdroste het oor jurisdiksie beskik in alle siviele sake sonder appèl waarin die bedrag nie Rds. 20 oorskry het nie. Indien 'n regsgeding hierdie bedrag oorskry het, moes die landdros met behulp van ses heemrade oor die saak beslis. In kriminele sake het die landdros die reg gehad om sake wat nie Rds. 10 of agt dae gevangenisstraf oorskry het nie, alleen te verhoor. In sake waar die bedrag of gevangenisstraf oorskry word, moes die heemrade saam met die landdros oor die saak beslis. In sake waarby die doodstraf of verbanning uit die Republiek ter sprake was, het die landdros, bygestaan deur die heemrade en twaalf jurielede, gesamentlik oor sodanige sake beslis.

22. *Ibid.*, Bylaes 13 en 14 van 1838, pp. 285-288; Bylae 22 van 1841, pp. 380-381. Tensy anders vermeld, is die bespreking wat hierop volg, hoofsaaklik op die voorgaande drie bylaes gebaseer. Dit word gedoen om die getal voetnote te beperk.

23. J.H. Breytenbach, Bylae 22 van 1841, p. 381.

24. *Ibid.*, 12.8.1840, art. 6, p. 56; 13.8.1840, art. 2, p. 57; H.J. van Aswegen, p. 145.

25. J.H. Breytenbach, Bylae 14 van 1838, art. 9, p. 287.

26. Vgl. voetnote 41 hieronder.

27. J.H. Breytenbach, 14.8.1841, art. 7, p. 110.

28. *Ibid.*, Bylae 14 van 1838, pp. 287-288, Bylae 22 van 1841, pp. 380-381. Tensy anders vermeld, is die bespreking wat hierop volg, hoofsaaklik op hierdie twee bylaes gebaseer.

Van die landdros is verwag om alle dagvaardings uit te reik en te teken. Hy moes 'n rolboek (dagboek) hou waarin elke saak asook die beslissing wat geveld is, opgeteken word. Met behulp van die heemrade moes hy die tariewe vasstel van regsgedinge en dit vir goedkeuring aan die Volksraad voorlê. Die landdros was ook verplig om jaarliks 'n lys van 24 persone op te stel om as "gezworenen" te dien en die jurielede te dagvaar om op bepaalde tye hofsittings by te woon.²⁹

In bogenoemde "Regulantien en Instructien" is voorsiening gemaak vir die beskerming van die landdros en die lede van sy hof. Indien die landdros of heemrade deur woord, daad, dreigement of houding beledig word, kon die oortreder met Rds. 10 vir elke oortreding beboet word en, by weiering van betaling, tot agt dae tronkstraf opgelê word. Gevalle van belediging van die landdros en heemrade het voorgekom. So byvoorbeeld is die wetsagent J. Muller met Rds. 10 beboet omdat hy heemraad J.C. (Stoffel) Boshoff van partydigheid beskuldig het in die saak H.A. Ripkin v. Frans Williams.³⁰

Ten einde die publiek teen 'n partydige landdros te beskerm, is sekere reglemente neergelê. Geen landdros mag die regterstoel inneem om sake te verhoor waarby sy private belangte of dié van sy familielede betrokke was nie. 'n Landdros kon van sy amp onthef word ingeval van partydigheid, verdrukking, onregverdige straf of in gevalle waar hy hom skadelik gedra of 'n misdaad gepleeg het. Indien hy aan enige wandaad skuldig bevind word, kon hy net soos enige ander burger verhoor en by skuldigbevinding gestraf word. Vier heemrade (later vasgestel op drie) sou saam met die landdros 'n kworum vorm en 'n meerderheid van stemme was nodig om oor sake te beslis.

Die landdros het oor die bevoegdheid beskik om die ondergeskikte amptenare van sy hof aan te stel en vir goedkeuring aan die Volksraad voor te lê. Hierdie prerogatief het die landdros wel uitgeoefen. Dit het byvoorbeeld gebeur dat die geregsbode, J.C. (Stoffel) Boshoff, nadat hy reeds 'n jaar in die amp gedien het, op 25 Februarie 1842 toestemming van die Volksraad verkry het om tydelik van sy amp as geregsbode onthef te word ten einde 'n reis na die Kaapkolonie te onderneem. H.J. Maartens het ondertussen in sy plek waargeneem. Toe Boshoff aan die begin van 1843 poog om weer sy amp te hervat, het landdros Bernard Rudolph, wat J.N. Boshof ondertussen as landdros opgevolg het, geweier om hom aan te stel. Boshoff het hom gevolglik op die Volksraad beroep, maar dié ligaam het die saak na die landdros terugverwys en uiteindelik is Maartens in die amp van geregsbode behou.³¹

Volgens artikel twaalf van die "Regulantien en Instructien voor den Regter of Magistraat" sou die Hollandse regsglegging as basis gebruik word in alle sake waarvoor daar nie in die plaaslike regulasies of wette voorsiening gemaak is nie. Dit het meegebring dat die Romeins-Hollandse Reg soos dit aan die Kaap aan die Trekkers bekend was, ook in Natal toegepas is. Die landdroste het ook van Janssens en De Mist se instruksies vir die landdroste en heemrade en die kolleges van Landdroste en Heemrade gebruik gemaak³² en verder ook van "Van der Lindes Wetboek", wat na alle waarskynlikheid Johannes van der Linden se werk, *Verhandeling over de judiciele praktyk of form van procedeer en voor de Hoven van Justitie in Holland gebriukelyk*, was.³³

Die eerste landdros wat in Pietermaritzburg aangestel is, was Philip R. Nell wat op 29 Julie

29. Van die eerste hofsake waarby jurielede betrokke was, is dié wat die moordklag teen swartes moes aanhoor. Sien J.H. Breytenbach, 2.1.1840, art. 14, p. 26.

30. *De Natalier*, 4.2.1845; A.C. Swanepoel, pp. 98-99.

31. A.C. Swanepoel, pp. 82-85.

32. Vgl. voetnoot 5 hierbo.

33. Vgl. J.H. Breytenbach, 7-8.1845, arts. 1,2,4, p. 201; H.J. van Aswegen, p. 104.

1839 sy amp aanvaar het.³⁴ Hy is later opgevolg deur J.P. Zietsman, J.N. Boshof en B. Rudolph, terwyl J.P. Zietsman weer in April 1843 in hierdie amp aangestel is.³⁵

Die landdros van Pietermaritzburg was die hooflanddros in die Republiek. Hy het die Volksraadsittings dikwels bygewoon en die Raad oor die algemeen insake die regsgespleging in die Republiek Natalia geadviseer.³⁶

Die verspreiding van die Voortrekkers oor groot dele van Natal na die vernietiging van die mag van Dingane, het mettertyd tot gevolg gehad dat meer distrikte geskep en meer landdroste aangestel is om regsgespraaie uit te oefen.

Soos hierbo vermeld, was Alexander Biggar een van die eerste landdroste in die distrik Port Natal. Hy is opgevolg deur L. Badenhorst, wat reeds op 2 Oktober 1838 sy eerste saak, nl. dié tussen J.P. Muller en Carel J. Viljoen, behartig het. Op 28 Junie 1839 is Frederick J. de Jager in Badenhorst se amp aangestel en is sy distrik vergroot deurdat dit ook die "onder Omlaas"-gebied ingesluit het, terwyl Pets. (Petrus) J. Joubert en Dirk van Rooijen as heemrade aangestel is.³⁷

Op 31 Augustus 1848 het die landdrosdistrik Weenen tot stand gekom nadat die inwoners van die gebied die Volksraad versoek het om Andries T. Spies as landdros vir die distrik aan te stel. Ses heemrade, t.w. Hendrik S. Pretorius, Jan du Plessie, Cons. (Cornelius) G. Coetze, Wm. (Willem) Jacobs, P.L. Steenkamp en Ands. (Andries) Bester is as heemrade aangestel om die landdros by te staan.³⁸

Dit wil ook voorkom asof 'n vierde distrik, nl. Congella, en selfs 'n vyfde, nl. Tugela, tot stand gekom het maar dit is te betwyfel of hierdie landdrosdistrikte in die periode 1838-1845 buohoorlik op regsgebied gefunksioneer het.³⁹

Nadat vrede met die Wes-Drakensberggebied onder Andries H. Potgieter in die loop van 1840-41 herstel is en 'n Adjunkraad ondergeskik aan die Natalse Volksraad tot stand gekom het, is daar ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van landdroste in daardie geweste. Jacob de Klerk is reeds op 7 September 1839 as landdros "... aan de andere zijde van den Draaikenberg" aangestel. Op versoek van die inwoners van Vetsrivier het die Volksraad op 8 Oktober 1841 besluit om ook Winburg met 'n landdrosopstand te voorsien en is Jan G. Verneulen as die eerste landdros aldaar aangestel.⁴⁰

Die hooflanddros was aanvanklik die beste besoldigde amptenaar in die Republiek. Sy salaris is op 4 April 1840 vasgestel op Rds. 133-2-4 per jaar, benewens reiskoste van Rds. 50 per maand. Die landdros van Port Natal het oorspronklik 'n salaris van Rds. 600 per jaar ontvang. Toe hy egter die beheer oor die doeanegelede oorneem, is sy salaris tot dié van die hooflanddros verhoog. Die landdros van Weenen het aanvanklik Rds. 600 per jaar verdien, maar die bedrag is later tot Rds. 900 per jaar verhoog. In 1842 is sy salaris tot Rds. 300 per jaar verminder, maar dan is van hom verwag om net een dag in die week op kantoor te wees. Indien 'n heemraad as landdros ageer, het hy ongeveer die helfte van die salaris van 'n landdros ontvang, nl. £50 per jaar.⁴¹

Na die anneksasie van Natal in 1843 het dit al hoe moeiliker geword om geskikte persone te

34. J.H. Breytenbach, 29.6.1839, art. 12, p. 14.

35. A.C. Swanepoel, pp. 45, 81-82; J.H. Breytenbach, 3-6.4.1843, art. 1, p. 173.

36. A.J. du Plessis, "Die Republiek Natalia", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 5de jg, 1, 1943, p. 170.

37. LP 27: Diverse los stukke, 1822-1844, p. 9; J.H. Breytenbach, 28.6.1839, art. 8, p. 12.

38. J.H. Breytenbach, 13.8.1840, art. 3, p. 58.

39. *Ibid.*, Bylae 28 van 1839, pp. 309-311. Vgl. ook artikels op pp. 30, 41, 45, 62, 77 en 110.

40. *Ibid.*, 7.9.1839, art. 3, p. 17; 8.10.1841, art. 7, p. 116; 14.3.1842, art. 3, p. 147; 27.4.1842, art. 1, p. 150.

41. *Ibid.*, 4.4.1840, art. 10, p. 42; 5.6.1840, art. 4, p. 42; 4.9.1840, art. 11, p. 61; 12.4.1841, art. 15, pp. 93-94; 9.4.1841, arts. 1 en 2 en voetnote 36, pp. 88-89; 24.2.1842, art. 13, p. 144; 20.2.1843, art. 2, p. 172.

vind om die amp van landdros te beklee. So byvoorbeeld was J.P. Zietsman in die hoofstad en T.R. Dannhauser te Weenen teen 1844 die enigste gesalarieerde landdroste in Natal. Teen 1845 het die Volksraad, nadat die Engelse invloed oorheersend begin word het, besluit om die procedures vir die Hof van Landdros en Heemrade volgens die wetsprosedures wat in die Kaapkolonie gebruik is, ook in Natal van toepassing te maak.⁴²

Die heemrade is, soos hierbo genoem, deur die landdros benoem en op sy voorstel deur die Volksraad aangestel. Hulle het, soos die meeste landdroste, geen formele regsopleiding ontvang nie en moes met hul gesonde verstand oor siviele en kriminale sake beslis. Hulle het aanvanklik geen salaris ontvang nie, maar is van burgerdiens en die betaling van belastings vrygestel. Hoewel hulle verplig was om twee keer per maand hofsittings by te woon, het dit egter teen 1845 gebeur dat so 'n sitting tot drie dae kon duur. Na 'n pleidooi, gelewer deur die heemraad, J.C. (Stoffel) Boshoff, het die Volksraad besluit dat elke heemraad Rds. 5 per dag, benewens Rds. 1 vir die huur van perde, kon eis.⁴³

Die juriestelsel

In navolging van die regstelsel in die Kaapkolonie, is die juriestelsel ook in Natal ingevoer. Vier en twintig volwasse burgers is jaarliks deur die landdros gekies waaruit twaalf dan vir die verhoor van 'n spesifieke hofsaak aangestel is. In die lastersaak van A.W.J. Pretorius v. J.S. Maritz blyk onder meer dat jurieledes selfs uit verskillende landdrosdistrikte gedagvaar kon word om 'n verhoor by te woon. Dit blyk ook uit hierdie saak dat indien partye nie tevrede met die jurieledes was nie, ander persone uit die oorspronklike 24 gekies kon word om 'n saak te verhoor.⁴⁴

Indien 'n persoon nie met die uitspraak van die Hof van Landdros en Heemrade tevrede was nie, kon hy appelleer na 'n hof bestaande uit die landdros en heemrade en twaalf beëdigde jurieledes. In so 'n geval het die jurie dan die uitspraak gelewer. Indien sodanige persoon nog nie tevrede met die uitspraak van die jurie was nie, was appèl nog moontlik en wel na die Volksraad as hoogste appèlhof in die Republiek.⁴⁵

Die geregsbode

Wanneer die amp van geregsbode ingestel is, is onduidelik. Daar kan egter met redelike sekerheid gesê word dat hierdie amp alreeds in Oktober 1838 bestaan het, want landdros Badenhorst van Port Natal het aan die geregsbode J.P. Muller opdrag gegee om Carel J. Viljoen te dagvaar om in die hof te verskyn.⁴⁶ Op 29 Junie 1839 het Hendrik Maartens die geregsbode van die Hof van Landdros en Heemrade van Pietermaritzburg geword. Hy is op 1 Februarie 1841 deur Johan C. (Stoffel) Boshoff opgevolg, maar eersgenoemde is weer in April 1843 as geregsbode aangestel.⁴⁷

Die geregsbode was ook die bode van die Volksraad en hy moes sorg dat daar stilte en orde in en om die Volksraadsgebou gehandhaaf word wanneer die Raad in sitting was.⁴⁸ Verder moes hy dagvaardings bestel aan persone wat in sy distrik woonagtig was om op bepaalde tye

42. *Ibid.*, 7-8.6.1845, art. 19, p. 203.

43. *De Natalier*, 7.3.1845 (red.); J.H. Breytenbach, 7-8.4.1845, art. 12, pp. 199-200.

44. J.W. Wessels, p. 364; J.H. Breytenbach, Bylaes 16 en 17 van 1840, pp. 342-343; B.J. Liebenberg, pp. 133-134.

45. J.H. Breytenbach, Bylae 16 van 1840, pp. 342-343; A.J. du Plessis, p. 170.

46. LP 27: Diverse los stukke, 1822-1844, pp. 9-10.

47. J.H. Breytenbach, 29.6.1839, art. 13, p. 14; A.C. Swanepoel, p. 47. Oor die rol van J.C. Boshoff as geregsbode, sien A.C. Swanepoel, pp. 47-57.

48. H.J. van Aswegen, pp. 57-58; J.H. Breytenbach, 5.8.1840, art. 1, p. 48.

in die hof te verskyn. Hy moes toesien dat vonnisse wat deur die landdros gevel is, uitgevoer word en sorg vir die opeising van goedere van persone wat nie boetes kon betaal nie. Voorts moes hy behoorlike inventaris opstel en kennis gee wanneer sodanige goedere per vendusie verkoop sou word. Verder was dit ook sy taak om vervoer te verskaf aan persone wat voor die hof moes verskyn en hy was ook die bode van die huwelikshof.⁴⁹

Daar is nie sekerheid oor die bedrag wat die geregsbode aanvanklik as salaris ontvang het nie. Volgens 'n Volksraadsbesluit van 5 Maart 1840 is sy salaris op Rds. 25 per maand vastgestel, maar dit is op 1 Februarie 1841 tot Rds. 480 per jaar verhoog. Hierbenewens kon hy ook die volgende bedrae eis: Rd. 1 vir die bestelling van 'n dagvaarding in die dorp en Rds. 2 vir daarbuite; Rd. 1 vir die opneem van goedere; Rd. 1 vir die opstel van 'n inventaris en nog Rd. 1 vir die verkoping van goedere. Ten slotte kon hy 3% eis op alle verhaalde bedrae wat uit 'n vonnis voortspruit.⁵⁰

Die geregsbode is ook deur die wet beskerm teen enigiemand wat hom wou aanrand, met geweld verjaag of hom op enige wyse verhinder het om sy ampspligte uit te voer. Sodanige oortreder kon 'n boete van tussen Rds. 100 en Rds. 500 opgelê word. Indien die geregsbode iemand valslik van 'n oortreding beskuldig het, kon hy 'n boete wat van Rds. 25 tot Rds. 100 gewissel het, opgelê word en selfs uit sy pos ontslaan word.

Teen 1843, toe verskeie Trekkers besig was om Natal te verlaat, is dit nodig geag om groter beskerming aan die geregsbode te verleen. Daar is toe bepaal dat indien die geregsbode in die uitvoering van sy ampspligte aangerand of met geweld verjaag word, hy die hulp van die naaste veldkorнет moes inroep en selfs met wapengeweld die oortreder(s) moes arresteer. Die oortreder kon weer op 'n borgtog van Rds. 1 000 vrygelaat word. Indien die oortreder(s) daarna skuldig bevind word, kon 'n boete van tussen Rds. 100–500 opgelê word. Indien die geregsbode egter uit lafhartigheid of onnodige vrees 'n valse gerug versprei en die hulp van die veldkorнет onnodig inroep, kon hy beboet word met 'n bedrag wat van Rds. 25 tot Rds. 100 gewissel het. Hy kon dan selfs ook uit sy amp ontslaan word.⁵¹

In die Republiek Natalia was dit nie 'n vreemde verskynsel dat een amptenaar meer as een pos in die staatsdiens beklee het nie. So byvoorbeeld het J.C. (Stoffel) Boshoff benewens die amp van geregsbode, bode van die Volksraad en die huwelikshof, ook gelykydig die amp van skut- en markmeester beklee. Hierbenewens het hy, behalwe sy eie boerdery, ook met grond gespekuleer.⁵²

Die publieke aanklaer

Die amp van publieke aanklaer is op 10 September 1842 deur die Volksraad ingestel toe Johannes Bodenstein as die eerste publieke aanklaer aangestel is. Hy het terselfdertyd die amp van sekretaris van die Volksraad beklee en sou verantwoordelik wees vir die opstel van dienskontrakte tussen werkgewers en werknemers en die inskrywing van weeskinders. Salarisgewys sou hy Rds. 1 000 per jaar ontvang, asook 25% van alle boetes by skuldigbevinding van oortreders. Van hom is ook verwag om 'n ampseed af te lê.⁵³

49. J.H. Breytenbach, 2.2.1841, art. 13, pp. 82–83; 7–8.4.1845, art. 13, p. 200; A.C. Swanepoel, pp. 57–58.

50. J.H. Breytenbach, 5.3.1840, art. 8, p. 33; 2.2.1841, art. 13, pp. 82–83.

51. *Ibid.*, 13.3.1843, arts. 4 en 5, pp. 172–173.

52. A.C. Swanepoel, pp. 46–47; 53–70, 79–80.

53. J.H. Breytenbach, 10.9.1842, art. 2, p. 160; 4–6.10.1842, art. 2, p. 160; 3.9.1844, art. 7 en voetnoot 45, p. 191.

Tolke, vertalers en klerke

Sedert 1844 is daar ook gebruik gemaak van tolke en vertalers in die Hof van Landdros en Heemrade. Die eerste blanke tolk wat aangestel is, was H.G. Muntingh, wat ook 'n eed moes afle. As salaris het hy 4s en 6d per uur ontvang benewens 'n vasgestelde tarief van 4s en 6d per vertaalde brief. Vanaf April 1845 kon die landdros ook van die dienste van 'n klerk gebruik maak teen 'n salaris van 10s per dag solank die sittings geduur het.⁵⁴

Die polisiediens

'n Polisiediens soos ons dit vandag ken, het daar in werklikheid nie in die Republiek Natalia bestaan nie. Die taak om as geregstdienaar op te tree en oortreders te vang, is aan die veldkornette en die "Justitie-kaffers" opgedra. Die "Justitie-kaffers" is bygestaan deur "Policie van Cöleur" (Kleurlinge) van wie daar in 1843 vier was. Hulle het gesorg dat die nie-blankes hulle gedra en was eers onder die beheer van skutmeester Hendrik J. Maartens totdat William Forsyth oor hulle aangestel is. Forsyth en sy konstabels het nie altyd 'n voorbeeldige lewe gely nie. Die konstabels was dikwels so beskonke dat dit soms in die aand moeilik was om te bepaal of die gevangeris 'n tronk of 'n danssaal was, so jolig het dit daaraan toegegaan!⁵⁵

Hierdie swart en gekleurde konstabels se salaris het ook dikwels gewissel. Kamies, 'n sg. "Policie van Cöleur", het £22 10s. per jaar en Jephtha, 'n Hottentot, het £13 10s per jaar verdien. Heelwaarskynlik het Kamies as hoofkonstabel opgetree.⁵⁶ Later het die wyksmeesters die taak van geregstdienars oorgeneem.

Die veldkornet

Veldkornette in die verskillende wyke van elke distrik, is deur die landdros op versoek van die inwoners van die betrokke wyk aangestel. Hulle het dan as geregstdienaaars orde in hul wyke probeer handhaaf en as skakel gedien tussen die landdros en die inwoners in die betrokke wyke. Aangesien hulle nie besoldigde amptenare was nie, is hulle van die betaling van belastings vrygestel.⁵⁷

Die wyksmeesters

Weens die gebrek aan 'n behoorlike polisiediens in Pietermaritzburg het die Volksraad in 1843 ook voorsiening gemaak vir die instelling van drie wyksmeesters.

Volgens artikel ses van die "Instru(c)tie voor wijsmeesters" sou hulle "... volstrekt voor rust en vlijigheid in hunne wijken moeten waken en zal kleine geschillen tussen buren mogen in der minne schikken". In kriminele dade soos moord, poging tot moord, huisbraak, diefstal, brandstigting "vrouweschending of aanranding om zulks te willen doen", tweegevegte, openbare rusverstoring of waar iemand se lewe of eiendom bedreig word, moes die wyksmeesters sodanige oortreders arresteer, hulle na die tronk neem en sorg dat hulle daar aangehou word totdat die landdros die saak kom verhoor. Wyksmeesters het geen salaris ontvang nie, maar is as vergoeding vrygestel van militêre diens en alle belastings. Die eerste wyksmeesters was S.S. Maritz, E. Landsberg en J. Kriel.⁵⁸

54. *Ibid.*, 4.3.1844, art. 1, p. 183; 7-8.4.1845, art. 18, p. 200.

55. A.J. du Plessis, p. 175; J.H. Breytenbach, *Bylae 9 van 1840*, p. 323.

56. J.H. Breytenbach, *Bylae 25 van 1844*, p. 459.

57. A.J. du Plessis, p. 173.

58. J.H. Breytenbach, 20.2.1843, arts. 5 en 6, p. 172; *Bylae 3 van 1843*, pp. 434-435; LP 12: *Brieweboek van Landdros, 1841-1845*, p. 38.

Die gevangenis

Die inwoners van Pietermaritzburg het kort na die stigting van die dorp die noodsaaklikheid vir die oprigting van 'n gevangenis ingesien. In 'n petisie aan die regering het hulle die oprigting daarvan as 'n dringende noodsaaklikheid genoem en gesê dat die tronk "... Afschrik in alle gemoedere (moet) verwekken tot het plegen van enig Misdaad." Die petisionarisse was nie net bereid om geldelik tot die oprigting van 'n tronk by te dra nie, maar was selfs bereid om hulp te verleen met die oprigting daarvan.⁵⁹

Aanvanklik is besluit om voorlopig 'n gebou van P. Pretorius te huur om as tronk te dien. P.G. Human het intussen die tronk op die dorpsplein gebou volgens die afmetings wat die Volksraad bepaal het. Die buitemure moes 7,5 meter lank en 5,4 meter wyd wees, met 'n minimum hoogte van 2,7 meter. Die dakwerk het bestaan uit geskaafde geelhoutbalke en uiteindelik is 21 meter van dié houtsoort gebruik vir die oprigting van die dak, deure en vensters. Die binneste gedeelte van die tronk het bestaan uit twee kamers met een middeldeur en in elke vertrek is 'n venster en 'n deur na buite aangebring. Die tronk is waarskynlik kort na Mei 1841 voltooi en P.G. Human het Rds. 825 vir die oprigting van die tronk ontvang.⁶⁰

Die Volksraad het ook toestemming verleen vir die oprigting van 'n gevangenis te Port Natal, maar dit is te betwyfel of dit ooit voltooi is.⁶¹

Wetsagente

'n Gebruik wat spoedig inslag by Jan Publiek gevind het, was die aanstelling van wetsagente of "Speciaal Agente" om klaers of beskuldigdes in die hof te verteenwoordig. Die gebruik van wetsagente het waarskynlik voortgespruit uit 'n gebrek aan kennis i.v.m. wette, hofprosedures en die feit dat hofsittings oor die algemeen gewoonlik vir die gewone publiek traumatisiese ervarings was.

Volgens die stukke van die landdros van Pietermaritzburg het Philip H. Zietsman en Hendrik J. Maartens vroeg in 1840 as die eerste wetsagente in die saak M.G. Potgieter v. N.J. van Rensburg opgetree. Jan G. Bantjes het ook as wetsagent gedien. Die Volksraad het sekere beperkinge op wetsagente geplaas. So byvoorbeeld kon niemand as agent in 'n hof optree alvorens hy en sy familie nie in die Republiek woonagtig was nie. Ten slotte is die geldes wat 'n agent kon eis, deur die Volksraad vasgestel.⁶²

Hofsake verhoor in die Republiek

Soos hierbo genoem, was die Trekkers in Natal oor die algemeen wetsgehoorsame mense. Volgens L. Thompson kan die gebrek aan misdade toegeskryf word aan "... respect for orderly living rather than the fear of the consequences".⁶³ Die Volksraad as hoogste regssprekende liggaam het immers ook maatreëls getref om ernstige misdaad aan bande te lê. Deur mense, wat hulle aan "groove" misdade skuldig gemaak het, van hulle vaste eiendom te ontnem, is beslis 'n afskrikmiddel ingestel, want 'n plaas was sekerlik die belangrikste eiendom van 'n boer.

Om 'n beeld te kan gee van die verskeidenheid van misdade wat onder die Trekkers

59. J.H. Breytenbach, Bylae 31 van 1839, pp. 314–315.

60. *Ibid.*, 7.12.1839, art. 3, p. 20; Bylae 20 van 1840, p. 345; Bylae 2 van 1841, p. 359; Bylae 31 van 1840, p. 354; LP 12: Brieeweboek ... Landdros, p. 50.

61. J.H. Breytenbach, 9.10.1841, art. 1, p. 116.

62. *Ibid.*, 4.3.1844, art. 2, p. 184.

63. L.M. Thompson, "Co-operation and conflict: The Zulu Kingdom and Natal", in M. Wilson and L.M. Thompson (eds.), *The Oxford History of South Africa*, Vol. 1 (Oxford, 1969), p. 366.

voorgekom het, is vanweë die beperkte ruimte, haas onmoontlik. Gevolglik word hier net op enkele sake wat voor die Hof van Landdros en Heemrade van Pietermaritzburg gedien het, gekonsentreer.

Kriminele sake

Halsmisdade

Halsmisdade onder die blankes in die Republiek het volgens die beskikbare bronne net by twee geleenthede voorgekom. Twee van die sake waar blankes van moord aangekla was, is dié van die Staat v. Louis Mooleman en die Staat v. James Foord. In eersgenoemde saak is Mooleman daarvan beskuldig dat hy op 18 Desember 1843 'n swarte, Jacombonie, doodgeskiet het. Die staatsaanklaer het van twee swart getuies gebruik gemaak om die jurie te oortuig dat Mooleman aan moord skuldig was. Die jurie het bevind dat Mooleman Jacombonie uit selfverdediging geskiet het en hy is ontslaan. In die tweede geval is Foord daarvan beskuldig dat hy 'n swarte, Willem, opsetlik met 'n haelgeweer doodgeskiet het. Net soos in die geval van Mooleman, is Foord ook nie aan moord skuldig gevind nie. In teenstelling hiermee is nie-blankes soos Kowis Maraais, April en Fortuin egter aldrie deur 'n jurie skuldig gevind aan moord op 'n swarte, genaamd Gagilka.⁶⁴

Aanranding

Verskeie sake van aanranding het voor die Hof van Landdros en Heemrade gedien. In die saak Frederick Maree v. Johannes Corvyn het Maree Corvyn daarvan beskuldig dat hy hom aangerand en met 'n geweer gedreig het. Corvyn is skuldig gevind en met Rds. 500 beboet, opgeskort vir drie maande.⁶⁵

In die saak Johannes Pretorius v. Johanna Botha is Botha daarvan aangekla dat sy "vele molestien vergezel met scheld vloek woorde als mede hebben aangerant en vele slagen hebben toegebracht ..." aan die Hottentotbediende van Pretorius. Botha het skuld beken en in haar verweer gemeld dat sy haar humeur verloor het toe Pretorius se bediende een van haar hoenders doodgemaak het. Botha is skuldig gevind en met Rds. 13-2-4 of £1 sterling beboet.⁶⁶

In die Natalse Voortrekkergeskiedenis kon daar net een saak opgespoor word wat handel oor kindermishandeling. Dit was die saak Marthinus Mienie v. Stephanus Schoeman. Volgens die getuenis in die hof het Mienie se stiefvader hom in die sorg van Schoeman geplaas, met die bedoeling dat hy die seun in diens neem, voedsel en kleding verskaf en sorg dat hy onderwys ontvang. Toe Schoeman egter in gebreke bly om Mienie behoorlik te versorg en geweier het om hom skool toe te stuur, wou die seun sy goed vat en loop, waarop Schoeman Mienie 'n deeglike afranseling met 30 houe toegedien het.

Toe Mienie by die landdros gaan kla, het laasgenoemde gesorg dat hy deeglik deur dr. B. Poortman ondersoek word en 'n verslag aan hom gelewer word. Dr. Poortman het gevind dat Mienie kneusplekke aan sy heupe, rug en arm gehad het. Volgens die uitspraak van die hof was Schoeman as die seun se voog wel geregtig om hom te tugtig "... doch dat deze jongeling ter vermyding van verdere afstraffing zal worden ontzlagen en door de Landdrost by iemand anders provisioneel" gehuisves word totdat Schoeman bewys kon lewer dat hy wel die wettige

64. LP 1: Notule van verrigtinge in kriminele sake, 1840-1845, deel II, pp. 75-79; J.H. Breytenbach, 2.1.1840, art. 14, p. 26; *De Natalier*, 14.6.1844, 12.7.1844, 3.11.1844, 15.11.1844.

65. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 1, p. 65.

66. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 1, p. 79.

voog was.⁶⁷

Diefstal

Diefstal is, soos reeds gemeld, as 'n ernstige oortreding in die Republiek Natalia beskou en oortreders is deeglik gestraf.⁶⁸ Een van die ernstigste diefstalsake is dié een waarby Hans Potgieter, J.F.S. Tredoex (Tredoux), Gert du Toet (Toit) en Anthony Kyter betrokke was. Volgens getuenis het die vier misdadigers by die negosiewinkel van Frans Wolhuter ingebreek en daarna ook 'n aantal stuks vee weggevoer. Hulle is egter deur 'n kommando onder leiding van J.J. Botha ingehaal en na Pietermaritzburg teruggebring. Tydens die hofsaak wat deur 'n jurie verhoor is, is hulle skuldig bevind op die aanklag van diefstal. Hoewel dit nie uit die betrokke stukke duidelik is hoeveel maande hardepad elkeen gekry het nie, is 'n versoek dat hulle begenadig moet word van Tredoux se vrou ontvang. Toe die ander skuldiges ook 'n petitie om begenadiging aan die Volksraad voorlê, het die Volksraad besluit dat hulle op 'n borgtog van £100 elk vrygelaat kon word. Twee van hulle, t.w. Potgieter en Tredoux, het blykbaar die £100 borgtog betaal, want hulle is onderskeidelik na Port Natal en Weenen oorgeplaas.⁶⁹

Een van die misdade wat as 'n ernstige oortreding in die Republiek Natalia beskou is, is dié van veediefstal. Om te verhoed dat hierdie misdaad nie gepleeg word nie, is oortreders gewoonlik swaar gestraf. In die geval van swartes en gekleurdes is strawwe wat van 20 tot 50 houe op die rug gewissel het en van ses maande tot twee jaar hardepad opgelê.⁷⁰

'n Interessante aspek van die vonnis deur landdroste opgelê, is die onderskeid wat getref is tussen diegroe wat met die wette van die Republiek bekend behoort te gewees het, en dié wat totaal onbekend daarvan was. Hierdie onderskeid is byvoorbeeld getref in die saak J. Bodenstein v. Piet alias Gys, Joseph Scheepers en die swarte, Manie. Volgens die uitspraak van die landdrost was al drie skuldig aan diefstal van 25 beeste. Scheepers is tot twee jaar en Piet tot agtien maande hardepad, benewens 50 houe elk op die rug gevonnis. Wat Manie betref, is hy as medepligtige skuldig bevind, maar aangesien hy "als mede pligtigen doch met onze wette nog niet zo wel bekend" was nie, slegs tot ses maande hardepad, benewens 25 slae op die rug gevonnis.⁷¹

Bit blyk voorts dat die Hof van Landdros en Heemrade nie geskroom het nie om die getuenis van veewagters te aanvaar in gevalle waar veediefstal deur blankes gepleeg is. In die saak S. Lombaard v. Frans Raad, Nic Basson en die Hottentot Adam, het hulle almal skuld ontken, maar op die getuenis van die veewagters Swartbooi en Jan, is Raad en Adam skuldig bevind, terwyl Nic Basson vrygespreek is.⁷²

Bit is opvallend dat die vonnis wat swartes en gekleurdes opgelê is, feitlik nooit geldboetes ingesluit het nie. Hulle het heel waarskynlik nie die geld gehad om boetes te betaal nie, want hulle is gewoonlik voor die voet 'n deeglike afranseling en hardepad as vonnis opgelê. Hardepad het gewoonlik beteken dat die veroordeelde in ysters geslaan is en sonder vergoeding by openbare werke diens moes verrig.

Dit het egter nie beteken dat daar teen anderskleuriges onder die wet gediskrimineer is nie. Trouens, 'n landdros soos J.N. Boshof, was ten gunste daarvan dat gelykheid voor die wet vir

67. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 1, pp. 133-137; *De Natalier*, 14.3.1845.

68. Sien bv. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 1, pp. 64, 91; deel II, pp. 2-4, 9, 12, 110-112, 128, 131.

69. Vgl. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel I, pp. 106-163; J.H. Breytenbach, *ibid.*, 4.8.1841, arts. 5 en 6, p. 110; 4.10.1841, arts. 4 en 5, pp. 111; 9.10.1841, arts. 2 en 8, pp. 116-117.

70. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel I, pp. 20-21; 64, 91; deel 2, pp. 2-4, 11, 37, 127, 129.

71. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 2, p. 127.

72. LP 1: Notule ... kriminele sake, deel 1, p. 38.

alle inwoners in die Republiek Natalia sou geld. Hierdie standpunt kom duidelik na vore in die saak T. van Staden v. die swarte, Stuurman. In die hofsaak het 'n jurie van twaalf lede die saak verhoor. Stuurman is daarvan aangekla dat hy osse en koeie van Van Staden gesteel het. Die uitspraak van die jurie was dat Stuurman nie aan diefstal skuldig was nie, maar wel aan "zorgeloosheid" en is met 15 houe gestraf.⁷³ In die saak J.M. Scheepers v. Donge, Salmot Chulia en Kway is laasgenoemdes ook aangekla van veediefstal. By gebrek aan getuies kon die misdaad nie bewys word nie en is die aangeklaagdes ontslaan.⁷⁴

Siviele sake

Laster

Verskeie lastersake het voor die Hof van Landdros en Heemrade gedien. Dit wil voorkom of die burgery in die besonder op hul goeie naam gesteld was en hulle het niets daarvan gedink om iemand voor die hof te sleep om sy of haar naam in ere te herstel nie.

Die belastering van Volksraadslede is dikwels swaar gestraf. So byvoorbeeld is Jacobus Theunissen uit die Republiek Natalia verban weens pogings tot vervalsing en die belastering van Volksraadslede. Theunissen het egter by wyse van 'n petisie vir versagting van die vonnis gepleit. Hy is toegelaat om voor die Volksraad te verskyn en hy het die betrokke lede om verskoning gevra. Die vonnis van verbanning is toe ter syde gestel.⁷⁵ Selfs Volksraadslede mog nie ander lede beledig nie. So byvoorbeeld het die Volksraadslid Lourens Badenhorst die voorstitter van 'n ondersoekkomitee, nl. C.P. Landman, wat 'n klag teen hom van wangedrag ondersoek het, so beledig dat die Volksraad besluit het om Badenhorst vir een jaar as lid te skors.⁷⁶ Benewens die lastersaak Andries W. Pretorius v. J.S. Maritz, waarin eersgenoemde £200 geëis het, is 'n eis van Rds. 3 000 deur Stephanus Lombaard teen Johannes de Lange ingestel. Hoewel De Lange skuldig bevind is, het Lombaard slegs Rds. 100 ontvang en hy moes die regskoste selfbetaal.⁷⁷ Ander lastersake wat hier vermelding verdien, is dié van J.S. Maritz v. I.A. van Niekerk, Cornelia Grobbelaar v. Hester M. van Staden, M. Breda v. J.B. Roedelof en J.G. Mocke v. F.I. Maritz.⁷⁸

Egskeidings

Egskeidings het min onder die Voortrekkers voorgekom. Slegs enkele sake kon in hierdie verband oopgespoor word. Egskeidingsake is sowel deur die Hof van Landdros en Heemrade as die Volksraad aangehoor. In een geval het Debora Jacoba Retief gepoog om van haar man, Willem A. Landman, te skei op grond van verlating. Landman wat teenwoordig was by die verhoor, was egter "ongenegeen tot seperatie". Aangesien daar geen uitspraak deur die landdros gelewer is nie, kan vrywel aanvaar word dat die landdros nie die huwelik ontbind het nie.⁷⁹

In nog 'n saak het Angenitha Maria Olivier, die weduwee van die Voortrekkerleier Gert Maritz, by die Hof van Landdros en Heemrade en die Volksraad aansoek gedoen om van haar tweede man, Isaac A. van Niekerk, te skei op grond van verlating en diefstal wat deur hom gepleeg sou gewees het. Sy het terselfdertyd aansoek gedoen om te hertrou. Van Niekerk het

73. LP 1: Notule ... kriminéle sake, deel 1, p. 39.

74. LP 1: Notule ... kriminéle sake, deel 1, p. 5.

75. J.H. Breytenbach, 17.11.1840, art. 4, p. 68; 18.11.1840, p. 71; 19.1.1841, art. 8, p. 77.

76. A.C. Swanepoel, pp. 47-48.

77. LP 2: Notule ... siviele sake, p. 90; H.J. van Aswegen, pp. 100-101.

78. LP 2: Notule ... siviele sake, pp. 2, 51, 34, 70, 73, 88.

79. LP 2: Notule ... siviele sake, pp. 105-111.

nie die saak betwis nie aangesien hy op daardie tydstip in die gebied wat vandag as die Oranje-Vrystaat bekend staan, gebly het. Ten spyte hiervan was die Volksraad nie geneë om die egskeiding toe te staan nie.⁸⁰

Uitsonderings op die reël het egter ook voorgekom. So bv. is Johannes N. Slabbert deur die Volksraad uit die Republiek Natalia verban. Hy is sonder sy eggenote, Catharina A. (née Schutte), na die Kaapkolonie en na vyf jaar het hy nie 'n enkele poging aangewend om sy eggenote so ver te kry om haar by hom aan te sluit nie. Gevolglik het die Volksraad aan die wewenaar Johannes P. du Preez toestemming verleen om met haar te trou.⁸¹

Wanbetaling van skuld

Verskeie gevalle waar persone goedere gekoop het en daarna in gebreke gebly het om daarvoor te betaal, het ook voor die Hof van Landdros en Heemrade gedien. So byvoorbeeld het P.J. Hammes vir Daniel J. van Vuuren voor die hof gesleep toe laasgenoemde geweier het om aan hom ongeveer Rds. 261 te betaal vir goedere wat op 'n vendusie gekoop is.⁸² Verskeie gevalle van die weierung om skuld te vereffen, het ook voor die Hof van Landdros en Heemrade gedien.⁸³

Kaart en transport

Verskeie sake rakende die weierung om kaart en transport aan die koper te lewer, het ook in die regsspraak van die Republiek Natalia voorgekom.⁸⁴ Een van die bekendste sake in hierdie verband is sekerlik die saak J.C. Boshoff v. Petrus Zeederberg. Boshoff het dertien erwe van Zeederberg deur middel van sy agent Jan de Wet vir Rds. 780 gekoop. Toe Zeederberg in gebreke bly om die kaart en transport vir die erwe aan Boshoff te oohandig, het Boshoff hom voor die Hof van Landdros en Heemrade gedaag. Daar het Zeederberg verklaar dat hy nie die kaart en transport van tien van die erwe het nie. Dit sou blykbaar in besit wees van ene Jan Hames, wat op daardie tydstip verdwyn het. Boshoff het nie gras onder sy voete laat groei nie en hom op die Volksraad as die hoogste hof beroep. Nadat die Volksraad beslis het dat Boshoff wel die tien erwe in ontvangs mog neem, het Zeederberg aangevoer dat die Volksraad geen uitspraak oor die restant van drie erwe gelewer het nie en hy het geweier om die kaart en transport van die oorblywende drie erwe aan Boshoff te oorhandig. Laasgenoemde het hom op die Hof van Landdros en Heemrade beroep en hy het die saak teen Zeederberg met koste gewen.⁸⁵

Slot

Uit wat hierbo genoem is, is dit baie duidelik dat die Voortrekkers 'n besondere hoë premie op reg en geregtigheid geplaas het. Dit blyk uit die feit dat die regstelsel een van die eerste instellings was wat hulle herstel het nadat hulle die Kaapkolonie verlaat het. Voorts is dit so dat, hoewel die Republiek Natalia net vir 'n paar jaar bestaan het, die Trekkers 'n regstelsel ontwikkel het om in hulle spesifieke behoeftes te voorsien. Verder blyk dit dat, hoewel die Trekkers oor die algemeen 'n ordelike gemeenskap was, al die burgers en selfs die nie-burgers

80. J.H. Breytenbach, 6-7.1.1845, art. 8, pp. 196-197; 10-17.1.1845, p. 250; *De Natalier*, 10.1.1845.

81. LP 11: Inkomende Brieve, 1836-1845, p. 8; J.H. Breytenbach, 5.3.1840, art. 2, p. 32.

82. LP 2: Notule ... siviele sake, p. 21.

83. LP 2: Notule ... siviele sake, pp. 60, 63-64, 67, 72, 75, 84, 101, 112, 117, 135; LP 3: Notule ... siviele sake, pp. 116, 118.

84. Vgl bv. LP 2: Notule ... siviele sake, pp. 38, 40, 76, 119.

85. LP 2: Notule ... siviele sake: pp. 124; J.H. Breytenbach, 12.4.1841, art. 9, p. 93; 14.6.1841, art. 4, p. 96; 3.8.1841, art. 10, p. 108; A.C. Swanepoel, pp. 50-52.

(bv. swartes en kleurlinge) vrye toegang tot die howe gehad het.

Hoewel geeneen van die persone wat by die regsspraak betrokke was, oor formele regskwalifikasies beskik het nie, is die regstelsel volgens hulle spesifieke omstandighede ontwerp en ontwikkel. Trouens, namate die regsinstellings op 'n vaster grondslag geplaas is, is dit verder verfyn. Die Trekkers het nie net na die ou bekende instellings van die Kaapkolonie, soos die stelsel van Landdros en Heemrade, teruggegryp nie, maar dit verder uitgebrei. Voorts het hulle ook iets van die Britse regstelsel met hulle saamgeneem. In die Kaapkolonie was hulle bv. onder die Britse bewind aan nege jurielede gewoond; in Natal is die getal na twaalf verhoog.

Ten slotte het die Trekkers die draers geword van 'n eie regstelsel na die ongerepte en destyds barbaarste binneland van suidelike Afrika. Na die anneksasie van Natal deur Brittanie in 1843 het die sg. Tweede Trek na die Oranje-Vrystaat en die Overvaalse gebiede plaasgevind en die regstelsel wat tydens die Groot Trek ontstaan het en in Natal verder ontwikkel is, is mettertyd ook na hierdie streke voortgedra.